

Anton Piller

Dis tyd vir huisreëls vir hierdie
ongenooide gas

CF Eckard
Pretoria-Balie

Wilde braambos

Suid-Afrika ontkom glad nie aan die tendense, hetsy ekonomies, polities, maatskaplik of tegnologies, wat hulself elders in die wêreld manifesteer nie. Ook op regsterrein het 'n oorsese tendens, naamlik die Anton Piller-bevel, hier geland en posgevat – byna soos 'n waterhinasint volgens die uitspraak in *Economic Data Processing v Pentreath* 1984 2 SA 605 (W) 606D of soos 'n wilde braambos (*Cerebos Food Corporation Limited v Diverse Foods SA (Pty) Ltd and Another* 1984 4 SA 149 (T) 161H).

'n Dekade gelede het die eerste verwysing na die Anton Piller-bevel in die Suid-Afrikaanse hofverslae verskyn.¹ Daarna het hierdie tipe bevel met reëlmaat in gerapporteerde uitsprake gefigureer. In 1986, dit wil sê 'n skrale sewe jaar na die eerste beslissing, verklaar die huidige Hoofregter in *Universal City Studios Inc and Others v Network Video (Pty) Ltd* 1986 2 SA 734 (A):

The Anton Piller saga in South African legal practice is an oft-told tale . . . and I do not propose to recount it again in any detail.²

By die lees van die beslissings oor die Anton Piller-bevel is dit duidelik dat hierdie bevel baie spoedig 'n geykte vorm ontwikkel het in navolging van die uitspraak in *Continental Wholesalers v Fashion Fantasy (Pty) Ltd* 1983 1 SA 683 (D).³

Ongenooide gas

Dit is nie die bedoeling om weer eens op die lotgevalle van die Anton Piller-bevel in te gaan of die historiese agtergrond daarvan te probeer ontleed nie. Die feitelike gegewe is dat Anton Piller hom soos 'n ongenooide gas in ons midde bevind. Daar kan dus sekerlik in hierdie stadium met reg gevra word: Siende dat Anton Piller as ongenooide gas in ons midde is, wat gaan hy alles in die toekoms hier by ons aanvang?

Uit verskeie uitsprake van die Hooggeregshof is dit duidelik dat die Anton Piller-bevel nie altyd as 'n welkome toevoeging tot die Suid-Afrikaanse regsremedies beskou is nie.⁴

Maar ten spyte van die bedenkinge wat in hierdie sake oor die trefwydte (of selfs die bestaansreg) van die Anton Piller-bevele uitgespreek is, het die Appèlhof alreeds uitdruklik sy seën oor die gebruik van die Anton Piller-bevel uitgespreek. In *Universal City Studios Inc (supra)* word verklaar:

I accept the correctness of the general principle that for the purpose of preserving it the Court may order the interim attachment of property in respect of which the applicant claims a real or personal right (common law or statutory). (753J)

Die Appèlhof verklaar voorts:

Now, I am by no means convinced that in appropriate circumstances the Court does not have the power to grant *ex parte* and without notice to the other party, ie the respondent (and even, if necessary, *in camera*) an order designed *pendente lite* to preserve evidence in the possession of the respondent. It is probably correct, as so cogently reasoned by the Court in the *Cerebos Food case supra*, that there is no authority for such a procedure in our

common law. But, of course, the remedies devised in the *Anton Piller case supra* and other subsequent cases for the preservation of evidence are essentially modern legal remedies devised to cater for modern problems in the prosecution of commercial suits. (754E-F)

Wat ook egter uit dieselfde uitspraak duidelik is, is dat die laaste woord oor die aanwending van die Anton Piller-bevele nog nie gespreek is nie. In die gemelde *Universal City Studios*-saak vind die Appèlhof dit byvoorbeeld onnodig om 'n finale mening uit te spreek oor die wyse waarop die belange van die respondent moontlik beveilig kan word. (755H)

Riglyne nodig

Die tyd het myns insiens aangebreek dat duidelike riglyne gegee moet word oor die doel waarvoor die Anton Piller-bevel in die toekoms aangewend mag word en veral oor die wyse waarop 'n respondent beskerm moet word teen 'n applikant se moontlike misbruik van die prosedure.

Die beslissing in *Ex Parte Dyantyi and Another* 1989 4 SA 826 (CK) dien as 'n baie goeie illustrasie van die wyse waarop 'n applikant die Anton Piller-bevel kan gebruik in 'n geding wat hoegenaamd nie as kommersieel bestempel kan word nie, ten einde reële getuïenis te bekom wat in besit van die respondent is.

In hierdie saak het die twee applikante die Hof genader om 'n Anton Piller-bevel ten einde onmiddellike toegang aan hulle prokureurs te verleen tot die Veiligheidspolisie se hoofkwartier in Zwelitsha en om sodanige gedeeltes van die hoofkwartier te inspekteer as wat deur die applikante aangetoon word ten einde die applikante geleentheid te bied om



enige apparaat of voorwerp wat daar mag wees uit te wys en te identifiseer; en om sodanige apparaat of voorwerp, wat uitgewys is en wat in die opinie van prokureurs relevant mag wees as getuienis in 'n geding waarvan die feite deur die een applikant in sy beëdigde verklaring uiteengesit is, te ondersoek. Voorts is versoek dat die adjunk-balju gelas word om 'n gedetailleerde inventaris van enige apparaat of voorwerp wat die prokureurs as relevant beskou vir die instel van 'n hofgeding op te stel en om die stasiebevelvoerder of enige persoon in bevel van die Veiligheids-polisie se hoofkwartier te Zwelitsha te gelas om die apparaat of voorwerp wat in die inventaris gemeld word, te behou totdat die Hof anders gelas.

Op 831C-D verwys Regter Heath na die bedenkinge wat deur die houe oor die bestaansreg van die Anton Piller-bevel uitgespreek is en verklaar:

In my view, the Court in the abovementioned two judgments⁵ overlooked a very sound principle of the South African law that a court is entitled not only to follow existing legal principles or to apply them, but that to a limited degree, a court is also entitled to expound the legal principles and to a certain extent lay down the law.

Deur hierdie uitspraak skaar die Hooggeregshof van Ciskei hom vierkantig by die groep uitsprake waarin beslis is dat 'n Anton Piller-bevel aangevra kan word om op 'n voorwerp, ten opsigte waarvan die applikant nie enige saaklike of persoonlike reg het nie, beslag te lê en dit te bewaar as reële getuienis.⁶

In hoeverre die Hof bereid is om hulp te verleen blyk uit die gedeelte op 835J:

Therefore, the Court has an inherent power and an obligation to prevent a denial of justice where justice requires an order which could assist an applicant in trying to prepare his case against the respondent and to prove his case against such respondent.

Inherente bevoegdheid

Dit is duidelik dat die grondslag van die Anton Piller-bevele deur die houe gevind word in die inherente bevoegdheid wat die Hooggeregshof het om sy prosedure so te reël dat geregtigheid kan geskied.⁷

Geregtigheid impliseer dat daar 'n balans moet wees; dit wil sê dat daar 'n belange-afweging moet plaasvind

van die applikant en die respondent se belange.

Die vraag is of die *Dyantyi*-uitspraak nie dalk só vertolk sal word dat die houe nou gevra sal word om die applikant aktief te help om sy saak te bewys nie. Is daar nie nou die risiko dat 'n voortvarende applikant sal probeer om die hof te gebruik as deel van sy ondersoekspan nie?

Inkwisitore proses

Vir die noulettende regsgeleerde is dit kompleet asof daar in die Anton Piller-bevele 'n sweem van die inkwisitore proses te bespeur is. En dit terwyl ons hele siviele prosesregstelsel eintlik adversêr is. Die insameling van getuienis en die aanbied van daardie getuienis berus immers volgens die adversêre proses by die partye self.⁸

Die Anton Piller-bevel is aanvanklik geskep nié om vir die gewone tipe siviele eis voorsiening te maak nie, maar wel vir besondere gevalle van beweerde regskrenking, naamlik waar daar inbreuk gemaak is op 'n applikant se kopiereg in 'n audio- of videoband deur 'n ongemagtigde respondent ('n sogenaamde "pirate").⁹

Die basis vir die verlening van die bevel is dat die kopiereghouer (die applikant) die eienaar is van die "pre-recorded tapes which are infringing copies of sound recordings, the copyright in which is vested for the time being in the plaintiffs."¹⁰

Die standpunt is in die *EMI*-saak gehuldig dat die Anton Piller-bevel 'n buitengewone remedie is en dat dit met die grootste omsigtigheid toegepas moet word.¹¹

Aanwendingsgebied uitgebrei

Spoedig is die bevele egter toegestaan, nie alleen in gevalle van beweerde kopieregskendings nie, maar ook vir die bewaring van bewysstukke.¹²

Van die oorspronklike bewaring van geskonde kopieë het die Anton Piller-bevel nou gegroei tot by die bewaring van beweerde martel-apparaat in *Dyantyi* se saak.

Soos sake dus tans staan is die Anton Piller-bevel se aanwendingsgebied ver buite die gebied van die immaterieel goederereg. In die *Cerebos Food Corporation*-saak (*supra*) word vier verskillende kategorieë

gevalle genoem waar hierdie bevel gemaak kan word (164B-C).

Dit wil dus voorkom dat waar daar aanvanklik slegs beslag gelê kon word op goedere waarvan die applikant die eienaar was ingevolge die bepalinge van die immaterieel goederereg, die kategorie van beslagbare goedere nou skynbaar onbeperk is. Daar kan nou skynbaar op enige reële getuienis beslag gelê word solank daardie getuienis as absoluut noodsaaklik beskou word vir die bewys van die applikant se saak en daar 'n gegronde vrees bestaan dat die respondent sodanige getuienis sal vernietig.

Daar kan stellig nie fout gevind word met die houe se begeerte om die applikant se belange in die gemelde omstandighede te beskerm nie.

Aan die ander kant is dit egter ook belangrik dat die respondent se belange beskerm moet word.

Dit kan immers baie maklik gebeur dat 'n applikant probeer om 'n Anton Piller-bevel te verkry bloot met die doel om 'n snuffeltog op tou te sit ten einde getuienis by die respondent te probeer vind.¹³ So 'n beslaglegging kan groot ongerief en skade vir die respondent veroorsaak.¹⁴

Die Appèlhof is klaar blyklik reeds bewus van al hierdie risiko's maar, soos reeds gemeld, het hierdie Hof dit nog nie nodig gevind om te handel met die wyse waarop die belange van die respondent gehandhaaf kan word nie. Daar is wel in die *Universal City Studios*-saak (*supra*) melding gemaak van die vervroeging van die keerdag deur die respondent, maar daar is nie volledig gehandel met ander beskeringsmaatreëls nie (755G-H).

Uit 'n aantal beslissings wat die afgelope jaar of wat deur die Engelse Howe gegee is, is dit duidelik dat daar ook in die tuisland van Anton Piller, tans heelwat strenger gelet word op die beskerming van alle partye by die oorweging of 'n Anton Piller-bevel toegestaan moet word of nie.¹⁵

Oplossing vir die probleem: Die dubbele risiko vir koste

Dit word ter oorweging gegee dat 'n kostebevel 'n effektiewe wyse daar kan stel waarop die hof kan sorg dra dat 'n applikant die Anton Piller-bevel slegs binne sy bedoelde grense aanwend. 'n Hof kan naamlik vereis dat 'n applikant op die keerdag van

die *ex parte*-bevel verslag doen of hy die reële getuienis gevind het waarna hy gesoek het. Indien die applikant nie die gewraakte reële getuienis gevind het nie, dan behoort die hof die applikant te penaliseer met die koste van die aansoek. Op hierdie wyse behoort 'n hof dus 'n applikant goed te laat besin voordat hy 'n Anton Piller-bevel aanvra en sal die applikant ook verplig wees om die hof in sy vertroue te neem en baie noukeurig te beskryf presies watter reële getuienis hy by die respondent wil gaan soek.

Indien die reële getuienis wat deur die applikant in sy aansoek genoem word, wel gevind word, behoort die hof verder te gelas dat die koste van die Anton Piller-bevel voorbehou word vir afsonderlike argument en beslissing aan die einde van die hofgeding. Aan die einde van die hofgeding kan die verhoorhof dan beslis dat dit onnodig was om die Anton Piller-bevel aan te vra aangesien die reële getuienis nie absoluut noodsaaklik was vir die eiser (applikant) om sy saak te bewys nie.

Ex Parte Matshini and Others 1986 3 SA 605 (OK) is 'n baie goeie voorbeeld van 'n geval waar die Hof geweier het om 'n Anton Piller-bevel te maak omdat die reële getuienis waarna die applikant verwys het streng gesproke nie nodig was om sy saak te bewys nie.

In die praktyk kan dit tans egter baie maklik gebeur dat 'n applikant in sy funderende eedsverklaring 'n saak uitmaak waarom die gewraakte reële getuienis kwansuis absoluut noodsaaklik sou wees om sy saak te bewys. 'n Anton Piller-bevel word gevolglik verleen; terwyl dit later, aan die einde van die daaropvolgende verhoor, blyk dat die gewraakte reële getuienis glad nie absoluut noodsaaklik was nie en dat die eiser baie maklik daarsonder wel sy saak kon bewys het. In hierdie tipe geval behoort 'n kostebevel baie daartoe by te dra om 'n balans tussen die belange van die partye te handhaaf.

Tans is dit, volgens die algemene riglyne, so dat kostebevele in die diskresie van 'n hof rus. Maar ten spyte daarvan dat gesê word dat "Costs are usually regarded as a separate issue to be decided on their own peculiar principles"¹⁶ en dat die koste in 'n hof se diskresie rus,¹⁷ is dit ook so dat 'n hof in die gewone loop van omstandighede gewoonlik bepaal dat sukses op die meriete aan die einde van saak 'n party op die koste geregig maak.¹⁸

Weliswaar is die algemene riglyn steeds dat koste in die diskresie van die hof rus, maar in die lig van die riglyne hierbo gestel, is dit onwaarskynlik dat 'n hof afsonderlik oor die Anton Piller-bevel sal beslis. Daar is tans geen verpligting op 'n geregshof om 'n applikant vir 'n Anton Piller-bevel aan hierdie voorgestelde dubbele risiko vir koste, bloot te stel nie.

Die vraag is egter of sodanige beveiligingsmaatreël, naamlik 'n dubbele risiko vir koste, nie in elk geval in die proses ingebou moet word nie.

Beroep op die wetgewer

Daar bestaan 'n toenemende neiging om te vra dat die wetgewer moet ingryp in die regspleging en 'n mens wil nie graag sonder meer nog so 'n versoek rig nie. Maar aan die ander kant is die kwessie van beskerming van die respondent wyd deur die Appèlhof oopgelaat. Bowendien was daar reeds versoeke dat die wetgewer moet ingryp om die aanwending van Anton Piller-bevele te reguleer.¹⁹ 'n Gepaste uitbreiding van reël 6 van die eenvormige Hooggeregshofreëls mag dus aangewese wees.

Hoe dit ook al sy, Anton Piller is 'n ongenooide gas wat hom by gracie van die howe hier tuisgemaak het. Die huisreëls vir gaste behoort nou baie duidelik aan hom gestel te word. ■

VOETNOTE

- 1 *Roamer Watch Company v African Textile Distributors* 1980 2 SA 254 (W).
- 2 Op 749H; die agtergrond van die Anton Piller-bevel en die beslissings daarvoor word volledig deur die Appèlhof gemeld op 747E-G en 750H-751A.
- 3 Sien in die algemeen die bespreking van die vorm van die bevel deur HJ Erasmus 'Anton Piller Orders in South African Practice' 1984 *SALJ* 324 op 332-337.
- 4 *Economic Data Processing*-saak (*supra*); *Cerebos Food Corporation*-saak (*supra*); *Trade Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson and Another* 1984 4 SA 177 (W).
- 5 *Economic Data Processing en Cerebos Food Corporation*-saak (*supra*).
- 6 *Continental Wholesalers v Fashion Fantasy (Pty) Ltd* 1983 1 SA 683 (D); *Universal City Studios Inc and Others v Network Video (Pty) Ltd* 1986 2 SA 734 (A) 755A-D; *Ex Parte Matshini and Others* 1986 3 SA 605 (OK); en *Gorfinkel v Gross, Hendler and Frank* 1987 3 SA 766 (K).
- 7 Sien die bespreking van die Appèlhof in *Universal City Studios*-saak (*supra*) 754G.

8 Vergelyk die opmerking van Lawton LJ ten opsigte van die Anton Piller-bevel en die inkwisitore proses in die Engelse uitspraak *Hytrac Conveyors Limited v Conveyors International Limited* [1982] 3 All ER 415 (CA) 418: "It has to be remembered . . . that we do not have in this country an inquisitorial procedure for civil litigation. Our procedure is accusatorial. Those who make charges must state right at the beginning what they are and what facts they are based on. They must not use Anton Piller orders as a means of finding out what sort of charges they can make."

- 9 *Ex parte Island Records Ltd and Others* [1978] 3 All ER 824; *EMI Limited and Others v Pandit* [1975] 1 All ER 418; *Anton Piller KG v Manufacturing Process Ltd and Others* [1976] 1 All ER 779. (*Anton Piller KG* is in die saak beskryf as 'n "German manufacturer of high repute. They make electric motors and generators. They play an important part in the big new computer industry.").
- 10 *EMI Limited*-saak (*supra*) 425
- 11 In sy sterk kritiek op die Anton Piller-bevel word hierdie feit deur Regter (soos hy toe was) Coetzee beklemtoon (*Economic Data Processing*-saak): "It was devised by a legal practitioner who specialised, I presume, in intellectual property matters to solve a specific problem of copyright holders . . ." (611A)
- 12 *Yousif v Salama* [1980] 3 All ER 405 op 406
- 13 Vergelyk die kritiek uitgespreek in die *Economic Data Processing*-saak (*supra*) op 606H-607: "The Anton Piller, that is the local variety, has developed into a secretly obtained search warrant by means of which a person's premises can be invaded and turned inside out to look for papers and documents and other material which the applicant believes to be relevant to some action (its nature depending on what he discovers) which he will still institute."
- 14 *Economic Data Processing*-saak (*supra*) op 616A-G
- 15 Sien die interessante artikel deur Daniël Alexander 'Controls tighten on Anton Piller orders' 44 *Law Society's Gazette* (6 Dec 1989) 20
- 16 Appèlregter Schreiner in *Pretoria Garrison Institutes v Danish Variety Products (Pty) Ltd* 1948 1 SA 839 (A) 872
- 17 *Kruger Bros and Wasserman v Ruskin* 1918 AD 63 op 69; *Gelb v Hawkins* 1960 3 SA 687 (A) 694A; *Graham v Odendaal* 1972 2 SA 611 (A) 616A; *Ward v Sulzer* 1973 3 SA 701 (A) 706G-707D
- 18 *Pretoria Garrison Institutes*-saak (*supra*) 863 en 864; *Fortune v Versluis* 1962 1 SA 343 (A) 359H-360C
- 19 *Economic Data Processing*-saak op 617F; *Cerebos Food Corporation*-saak op 163G-I.